

PRIORITEITE VIR NUWE RAAD

NOMINASIES VIR BURGEMEESTERSTOEKENINGS GEVRA

KEUSES MET VERHOOGDE DEPOSITO

Daar word ver wag dat kliënte op groot skaal na voorafbetaalmeters gaan oorskakel, en 'n voorraad van 3500 meters is reeds aangekoop. Indien kliënte voor einde Augustus vir oorskakeling aansoek doen, sal daar nie 'n verhoogde deposito van hulle vereis word nie, selfs al kan die voorafbetaalmeters nie dadelik geïnstalleer word nie.



WYKSKOMITEES IN PLEK

Die verkiesing van wykskomiteelede in die week 6 tot 9 Junie is goed ondersteun danksy 'n omvattende bewusmakingsveldtog wat koerantberigte, advertensies, radiofiel en teksboodskappe ingesluit het. Al dertien wyke se komitees is in plek en van hulle het selfs al 'n eerste vergadering gehou. Hier is 'n paar van die 500 kiesers wat betrokke was by die verkiesing in Wyk 1 (Franskraal en Masakhane) en wat, om praktiese redes, oor twee aande gehou moes word. Die lot moes selfs in twee wyke gewerp word om te bepaal wie die wenner moet wees van die laaste plek in die onderskeie wykskomitees nadat daar 'n staking van stemme was. Name van wykskomiteelede sal in 'n volgende nuusbrieff bekend gemaak word.

HERMANUS-BOORLING KEER TERUG VIR TJELLOKONSERT

Op Sondagmiddag, 10 Julie 2011, gaan Tobias Kotze (tjellis) wat tans aan Stellenbosch studeer werke van Vivaldi, Beethoven, Brahms, Gabriel Fauré en Robert Schumann uitvoer. Hierdie jong man het sy musiekloopbaan in Hermanus begin, en sedert sy vorige optrede in die Ouditorium is hy as een van die belowendste tjelliste in SA beskryf. Hy sal deur Philippus Hugo op die klavier begelei word.

Kaartjies kos R80 (R40 vir skoliere) en besprekings kan gemaak word by BELLINI in Hermanus op 028 312 4988. Skakel René du Plooy by 082 940 4238 vir enige ander navrae.




**Vir verdere inligting
kontak
Ernst Kretschmer
y ernstes@vodamail.co.za
of
082 412 4538
of Wilhelm Burger
y wb@ngkonrusrivier.co.za**

UNGATHANDA LENCWADI YESAZISO-NDABA IBHALWE NGOLUNYE ULWIMI? Thumela i-SMS enenombolo ye-akhawunti yakho kunye no X omele isi Xhosa kule nombolo **082 338 1631**

Hoe om te registreer vir die Munisipaliteit se SMS-diens

SMS u rekeningnommer met die letters **SMS** aan **082 338 1631**
of kontak 'n Kliëntediensbeampte by u naaste Betaalsaal.



Uitvoerende Burgemeester en Komitee

Kragtens Munisipaliteit Overstrand se Derde Gewysigde Stigtingskennisgewing van 28 Mei 2003 is Overstrand 'n munisipaliteit met 'n uitvoerendeburgemeestersstelsel gekombineer met 'n deel-nemende wykstelsel.

Tydens sy inhuldigingsvergadering verkies die raad 'n Uitvoerende Burgemeester en Uitvoerende Onderburgemeester.

Wetgewing laat Overstrand se Uitvoerende Burgemeester toe om 'n Burgemeesterskomitee bestaande uit vyf lede aan te stel, waarvan een gewoonlik die Uitvoerende Onderburgemeester is. Elk van die lede staan aan die hoof van 'n Portefeuljekomitee wat uit lede van alle politieke partye in die Raad bestaan. In Overstrand stem hierdie komitees ooreen met die administratiewe direkteorate, naamlik Infrastruktuur en Beplanning, Finansies en Ekonomiese Ontwikkeling, Gemeenskapsdienste, Beskermingsdienste en Bestuursdienste.

Die Uitvoerende Burgemeester, lede van die Burgemeesterskomitee en die Speaker is voltydse raadslede.



Uitvoerende Burgemeester: Rdl Nicolette Botha-Guthrie

Tydens sy inhuldigingsvergadering het die Raad besluit dat alle magte wat nie kragtens wet vir die raad gereserveer is nie en met die uitsondering van dié wat aan amptenare verleen is aan die Uitvoerende Burgemeester gedelegeer moet word. In die besluitnemingsproses sal die Uitvoeren-de Burgemeester in die reël verslae van die Raad se komitees ontvang en hierdie verslae tydens 'n vergadering van die Burgmeesterskomitee oor-weeg, welke vergaderings oop is vir die publiek. Sy vervul ook 'n toonaan-gewende rol in die opstelling en implementering van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan, die munisipale begroting, die Dienslewering- en Be-grotingimplementeringsplan, prestasiebestuur, gemeenskapsdeelname aan raadsaangeleenthede en korporatiewe kommunikasiedienste en verrig seremoniële pligte. Sy doen aan die Raad verslag.



Uitvoerende Onderburgemeester en Burgemeesterskomiteelid Raadsheer Pieter Scholtz

Benewens sy pligte as Onderburgemeester, sien hierdie lid ook om na Infrastruktuur, Beplanning en Elektrotegniese Dienste bestaande uit:

- Water- en Vervoerdienste;
- Elektrotegniese Dienste;
- Projekbestuur en Ontwikkelingsbeheer;
- Stadsbeplanning en Eiendomsadministrasie;
- Boubehoer;
- Omgewingbestuursdienste;
- Vaste-afvalbestuur; en
- Geografiese Inligtingstelsels.

Burgemeesterskomiteelid vir Finansies en Ekonomiese Ontwikkeling Rdl Ben Solomon

Hierdie lid se verantwoordelikhede omvat:

- Finansies, bestaande uit:
 - Besteding- en Batebestuur;
 - Inkomste;
 - Rekeningkundige Dienste en Begrotingsdienste;
 - Aanbodkettngbestuur; en
 - Stelsels en Databehoer; en
- Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling, met insluiting van die be-stemmingbemarkingsorganisasie (Whale Coast Marketing).

Burgemeesterskomiteelid vir Gemeenskapsdienste Rdl Rudolph Smith

Hierdie lid is verantwoordelik vir:

- Areabestuur en operasionele dienste in Hermanus, Gansbaai/Stanford en Hangklip-Kleinmond;
- Behuising;
- Korporatiewe Projekte; en
- Sport en Kultuur.

Burgemeesterskomiteelid vir Beskermingsdienste Rdl Moira Opperman

Hierdie lid is verantwoordelik vir:

- Brand- en Rampbestuur;
- Verkeersdienste en Voertuiglisensiering; en
- Wetstoepassing en Sekuriteit.

Burgemeesterskomiteelid vir Bestuursdienste Rdl Philip Applegrein

Hierdie lid is verantwoordelik vir:

- Menshulpbronne;
- Strategiese Dienste;
- Inligtingstegnologie;
- Regsdienste;
- Korporatiewe Kommunikasie-dienste; en
- Raadondersteuningsdienste, Re-kords en Argiewe.



Speaker
Raadsheer Anton Coetsee



Wyk 1
Rdl Theodorah Nqinata (ANC)




Wyk 2
Raadsheer Pieter Scholtz (DA)



Wyk 3
Rdl Maxie Lerm (DA)




Wyk 4
Rdl Liana Beyers-Cronjé (DA)



Wyk 5
Rdl Mzameni Mshenxiswa (ANC)



Wyk 6
Rdl Michelle Sapepa (ANC)



Wyk 7
Rdl Ben Solomon (DA)




Wyk 8
Rdl Rudolph Smith (DA)




Wyk 9
Rdl Philip Applegrein (DA)



Wyk 10
Rdl Lisel Krige (DA)



Wyk 11
Rdl Dudley Coetzee (DA)




Wyk 12
Rdl Vuyani Macotha (ANC)



Wyk 13
Rdl Elzette Nell



Proporsioneel
Rdl Nicolette Botha-Guthrie (DA)



Proporsioneel
Rdl Mpumelelo Sobantu (DA)



Proporsioneel
Rdl Moira Opperman (DA)




Proporsioneel
Rdl Abraham Prins (DA)



Proporsioneel
Rdl Mercia Andrews (DA)



Proporsioneel
Rdl Maurencia Gillion (ANC)



Proporsioneel
Rdl Phillipus May (ANC)



Proporsioneel
Rdl Marilyn Pie (ANC)



Proporsioneel
Rdl Makhaya Ponoane (ANC)




Proporsioneel
Rdl Caroline Mandindi (ANC)



Proporsioneel
Rdl JJ Januarie (NICO)

Overstrand en sy wyke



Die munisipale area van Overstrand dek 'n oppervlak van bykans 1708 vierkante kilometer. Die area het 'n permanente bevolking van 90 000. Die munisipaliteit se hoofkantoor is in Hermanus, maar munisipale dienste word op 'n gedesentraliseer-de grondslag gelewer vanuit kantore in Gansbaai, Stanford, Hermanus, en Kleinmond. Die area word in drie admini-strasies verdeel: Hangklip-Kleinmond, Groter Hermanus en Gansbaai/Stanford.

Die area word in dertien wyke afgebaken, elk met 'n regstreeks verkose raadslid. Hierdie raadslede word bygestaan deur 'n wyks-komitee met tien lede. Wykskomiteeledes word demokraties verkies. Voorsiening word gemaak vir verteenwoordiging deur organisasies sowel as individue. Wykskomitees speel 'n belangrike rol in die opstel en hersiening van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan en die identifisering van begrotingsbehoefte.

Overstrand se wyke is as volg:

1. Kleinbaai, Franskraal en Masekhane;
2. Blompark, Gansbaai en De Kelders;
3. Hermanus;
4. Westcliff, Mount Pleasant en die Hemel-en-Aardevallei;
5. Zwelihle Suid (Gemeenskapsaal);
6. Zwelihle Noord (Lukhanyo Primêr en Hou Moed);
7. Sandbaai;
8. Hawston, Fisherhaven en Honingklip;
9. Kleinmond en Proteadorp-Oos;
10. Proteadorp-Wes, Overhills, Palmiet, Bettysbaai, Pringlebaai en Rooiels;
11. Stanford, Baardskeerdersbos, Pearly Beach, Viljoenshof en Withoogte;
12. Zwelihle-Noordwes; en
13. Onrus en Vermont.



Twaalf van die vyf-en-twintig raadslede verteenwoordig politieke partye op 'n proporsionele basis. Dit beteken dat inwoners van Overstrand ook van politieke kanale gebruik kan maak om aangeleenthede onder die Raad se aandag te bring. Drie politieke partye word verteenwoordig: die Demokratiese Alliansie, die African National Congress en die National Independent Civic Organisation.

Die Administrasie



Munisipale Bestuurder Mnr Werner Zybrands

'n Munisipale Bestuurder word deur die Raad aangestel. Hy is die skakel tussen die raad en die administrasie, waarvan hy die hoof is, en dien ook as rekenpligtige beampte wat rekenskap moet gee van die munisipaliteit se inkomste en uitgawes, bates en ander verpligtige, soos behoorlike nakoming van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur. Kragtens wetgewing moet hy oor die kundigheid en ervaring beskik om sy pligte te vervul. Onderworpe aan die munisipaliteit se beleidsriglyne, verseker hy, onder andere, dat 'n ekonomiese, doeltreffende, doelmatige en verantwoordbare administrasie daargestel en ontwikkel word, dat die GOP verwerklik word, dat munisipale dienste op 'n volhoubare en gebalanseerde wyse gelewer word, dat 'n personeelkorps aangestel, bestuur, ontwikkel en gedissiplineer word en dat gesonde arbeidsverhoudinge gehandhaaf word. Hy moet deelname deur die gemeenskap fasiliteer en 'n stelsel ontwikkel waarvolgens die gemeenskap se tevredenheid met munisipale dienste gepeil kan word.

In Overstrand se geval word mnr Zybrands in die voorafgaande ondersteun deur 'n span direkteure vir die volgende:

- Finansies: Mnr Henk Kleinloog;
- Bestuursdienste: Mnr Coenie Groenewald;
- Gemeenskapsdienste: Mnr Roderick Williams;
- Beskermingsdienste: Mnr Neville Michaels;
- Infrastruktuur, Beplanning en Elektrotegniese Dienste: Mnr Stephen Muller; en
- Ekonomiese Ontwikkeling: Mnr Solomzi Madikane.